



Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig

Sondag, 18 Oktober 2026
Biddag vir die Gesondheidsdienste

Verseël... maar onveranderd?

*“En bedroef nie die Heilige Gees van God,
deur wie julle met die oog op die dag van bevryding verseël is nie.”*
(Efesiërs 4:30)

*“Maar julle het Christus nie so leer ken nie. Julle het tog van Hom gehoor, ...volgens die
waarheid wat in Jesus is, naamlik dat julle, wat julle vroeëre lewenswandel betref, die ou
mens moet aflê... Julle moet eerder in die aard van julle denke vernuwe word.”*
(Efesiërs 4:19-23)

*“In Hom is julle, toe julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle verlossing,
gehoor en tot geloof gekom het, verseël met die Heilige Gees, wat belof is.”*
(Efesiërs 1:13)

“Jy het na al die jare niks verander nie...”, wat ’n kompliment sou kon wees as iemand jou na lang tyd weer raakloop. Maar in die mond van Paulus in Efesiërs 4 sou dit ’n vraag kon wees van totale verslaenheid. Hoe is dit moontlik dat jy steeds dieselfde mens kan wees as voor jy die evangelie gehoor en aangeneem het? Hoe is dit moontlik dat jy deur die Heilige Gees verseël kan wees en geheel en al onveranderd bly? Hoe is dit moontlik dat jy gedoop kan wees en dat daar geen tekens van vernuwing en transformasie in jou lewe sigbaar is nie?

“Kan mense werklik verander?” – ’n vraag waarmee die mensdom vir millennia worstel. Juis omdat mense ons so dikwels teleurstel, na soveel beloftes van verandering, om net weer terug te val in uitgetrapte spore. Dalk behoort die vraag eerder te wees, *“As ek Christus leer ken het, as ek deur die Gees van God verseël is, hoe kan ek dan nie verander nie?”* Om onveranderlik te wees is om die Gees van God te bedroef, is om die krag van God se verlossing en Christus se bloed te ontken, is om die Drie-Enige God se seël oor jou lewe geheel en al buite rekening te laat.

Die Heidelbergse Kategismus beantwoord hierdie vraag soos volg: *Die (doop en die nagmaal) is sigbare, heilige tekens en seëls wat God ingestel het om ons...die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël...* Die belofte van die evangelie is nuwe lewe uit die offer van Christus aan die kruis wat dit vir my moontlik maak om die “ou mens” agter te laat en ’n “nuwe mens” te word.

– ds. Johan Marais

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk (doop); die gesinsdiens in die saal deur ds. Janke Hurter en met begeleiding deur dr. Matildie Wium. Welkom ook aan besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Hierna volg die liturgie vir die diens en indien jy ’n Liedboek of Bybel benodig, daar is by die ingangsdeure beskikbaar – neem gerus een en deel in ons liturgie.

‘n Geseënde Sondag toegebid.

LITURGIE

Votum: Ef. 3:20-21 *“Aan Hom, wat deur sy krag wat in ons werk...”*
Lied: 168:1, 2 & 3 Heilige Jesus

Seëngroet: Ef. 1:2 *“Genade vir julle en vrede van God...”*

Loflied: Lied 205:1, 2 & 3 Bring lof aan die Vader

Doopformulier

Lied: Lied 163:1 (2x) Soos 'n wildsbok

Geloofsbelydenis: Apostoliese geloofsbelydenis

Bediening van die doop aan Marli en Liya Kotze

Gebed

Lied: Lied 292:1 & 2 My enigste troos in lewe en dood

Wet: Rom 13:8-11

Verootmoediging: Gebed

Genadeverkondiging

Danklied: Lied 219:1 & 2 Laat ons sing van ons Verlosser

Gebed

Skriflesing: Efesiërs 4:20-32

Woordbediening Verseël...maar onveranderd?

Gebed

Liefdegawe

Slotlied: Lied 475:1 & 2 Allerhoogste Hemelvader

Seën, Amen en Orrelnaspel

Jy is welkom om te bly sit en na die orrelnaspel te luister, tyd vir 'n nagedagte en dank.

Ander Eredienste:

Sondag, 18 Okt.	15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). 18:00 – Ds. Jan Lubbe: Diens van Woord, stilte en gebed (Taizé).
Saterdag, 24 Okt.	19:00 – Di. Johan Marais & Janke Hurter (Belydeniskatkinsante).
Sondag, 25 Okt.	09:30 – Di. Johan Marais & Janke Hurter (Nagmaalsdiens). 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). 18:00 – Ds. Jan Lubbe: Fees van die Liedboek (met GKSA Bfn-Noord en ander besoekers, hier by Berg-en-Dal).

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

- 18 Okt. Bennie Grové.
- 19 Okt. Eben Fourie, Bremer Louw, Thys Nel en Elmien Thom.
- 20 Okt. Suzanne Boonzaaier, Marissa Potgieter, Johanna van Jaarsveld en Jaco v Niekerk
- 21 Okt. Natalie du Preez en Catherien van der Westhuizen.
- 22 Okt. Reginald Barry, Jankie Botha, Maryna Krog, Wilma Laux, Liam Lombaard, Petrus Marais en Lizanne Vermeulen.
- 23 Okt. Markus Breytenbach en Saneli Jonker.
- 24 Okt. Philip du Preez, Pieter Fouché, Hanlo en Petri Henning, en Dirk Joubert.

Ons is bly saam met die Marais-gesin, by die verlowing van Petrus en Mieke – ons wens hul die mooiste toe.

Ons dink in hierdie weke ook in besonder aan al ons Matrieks, hul ouers en die skole; mag julle gesondheid beleef, genoeg energie en selfdisipline, goeie geheue en kalmte van gees.

Ons gebede is verder vir almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Marie Dippenaar (Thompsonstr. 5b, wyk 14); Marius Swart (Lilyvaleweg 4a, wyk 12b); Twanette Koekemoer (Genl Conroystr. 44, wyk 9b) en Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Ons dink ook aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun; mag jul die nodige krag ontvang, en die nabyheid van die Here beleef.

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak ds Johan Marais (084 517 8052) wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Al ons Bybelstudiegroepe doen hierdie kwartaal 'n kort reeks uit die Lukas Evangelie: ***“Nuutgemaak! Kyk met nuwe oë na Jesus en die wêreld.”*** Die werksboekie is by die Kerkkantoor te koop @ R 100.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep: 19:00 in die Konsistorie – ds. Jan Lubbe (082 784 9362).

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep: 09:00 in Konsistorie – ds. Johan Marais (084 517 8052)

KERKRAADSAKE

Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:

In Oktober sorg **Wyke 2, 3 en 4** (noordelike- en westelike hange van Grant's Hill, agter die kerk om) vir ons gasvryheid; Sondae met tee en koffie in die binnehof en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy hiermee wil help, kontak die kerkkantoor (073 180 3193).

BEDIENINGE

Ons laaste rondte bedieningsvergaderings vir 2026, begin hierdie week – kom help die jaar se laaste werk klaarmaak, terugkyk en beplan vir 2027...

Komitee vir Diensverhoudinge:	Maandag, 19 Oktober om 17:30
Komitee vir Eiendomme:	Dinsdag, 20 Oktober om 17:30
Komitee vir Geldsake:	Maandag, 26 Oktober om 17:30

GEMEENTEBEDIENING

Seniorbediening:

Alle seniorlidmate (65+) word uitgenooi na ons byeenkoms hierdie Woensdag, 21 Oktober om 09:30; reëlins volg in die whatsapp-groep. Ná die tyd kuier ons met tee en verversings saam.

Nuus uit ons Boekwinkel:

Die eerste bestelling van *Uit die Beek*-dagboek vir 2027 geskryf deur Stephan Joubert, is uitverkoop! Ons het weer bestel – kom bespreek joune by die kantoor @ R 220.

GETUIENISBEDIENING

African Taste and Talent Festival:

Ons nooi almal uit om op Vrydagmiddag, 30 Oktober 2026 van 12:00-17:00 'n vrolike fees van geurige geregte, vermaak en musiek hier op ons terrein te kom meemaak; 'n projek waarmee Tweetoringkerk/Towers of Hope en Berg-en-Dal handevat. Ons kort nog helpers vir Berg-en-Dal se kosstalletjie – kontak Marthina by 072 397 1624.

EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE



Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir daardie Sondag – vanoggend, 18 Oktober: **ENGO Hospitaalbediening**. U kan 'n dankoffer via eft of SnapScan na Berg-en-Dal oorbetal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005)**.



BERG-EN-DAL KERMIS 2026 - NOG 'n KEER BAIE DANKIE!

Ons "laaste maar nie die minste"-dankie sê gaan vanoggend aan al ons borge en donateurs: Directosigns, Pentagon Pistols, M&L Elektries, Evolution Optix Fibre, De Klerk Kruger, Elsa Pienaar (Fintip), Dr Neil van Wyk (Bloem Eye & Laser); Werner Joubert, A Otto, Jan Reyneke van Preller Motors, D&J Vleismark, JMW Boerdery, PG Grové (Total) en Clinton Bukes van BassAir Aviation.

Ons finale opbrengs vir die Feestafel is **R 318 678,23** en ons is baie dankbaar teenoor iedereen, uiteindelik hierin ook vir die Here se seën.